Dinsdag 21 April
Skrifgedeelte: Psalm 25
Fokusgedeelte: Psalm 25:4-5 (AFR53)

## By die Here en in sy Woord vind ons ons eintlike lewensweg

Dawid het geweet dat sy lewensweg as gelowige nie maklik sal wees nie. Ons weet dat ons Christene se lewensweg nie sonder hindernisse en terugslae is nie. Ons het van buite af mense wat ons lewe as Christene moeilik maak. Dawid het hierdie mense sy vyande genoem wat sou lekkerkry as hy sou faal as gelowige. Ons Christene het steeds 'n sondige aard wat met die Gees meeding om ons terug te bring op die pad van die dood. Dawid noem hierdie inwendige stryd van hom die sonde wat hy uit onkunde en moedswilligheid gedoen het.
Dit is uitdagend om tussen hierdie teëstanders ons koers te hou. Op ons eie kan ons dit nie regkry nie. Ons het beperkings: ons kan net hier voor ons sien, en ons kyk vas teen dinge voor ons. Daarom lei die Heilige Gees ons om ons siel tot die Here op te hef. Hy is almagtig, ewig en alwetend.
Die beste lewensweg wat ons Christene kan bewandel, is die paaie van die Here. Hy het ons uit genade deur sy Seun verlos, sodat ons die goeie werke kan doen wat Hy vir ons bestem het (Ef. 2:8-10). Daar is egter net een manier waarop die Here vir ons sy paaie leer – dit is in sy Woord. *"Lei my in u waarheid en leer my."*
In die Bybel lees ons van die kere toe Israel gehoorsaam was en die Here se seën geniet het, maar baie kere lees ons van hulle mislukkings omdat hulle hul eie weë gevolg het. Ons lees ook van Jesus, die egte Kneg van die Here. In afhanklikheid van sy Vader het Hy die lewensweg wat sy Vader vir Hom bestem het, gevolg en in die ewige heerlikheid ingegaan. Dit was 'n moeilike lewensweg, maar watter seën ontvang ons uit sy lewensweg! Wie in Christus glo, ontvang vergifnis en verlossing.
Laat ons die lewensweg wat die Here vir ons bestem het, leer in sy Woord, want Hy is die God van ons heil. Die eindpunt wat die Here se lewensweg vir ons inhou, is ewige vrede en vreugde in die Here.

*Sing: Psalm 25-1:8*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*